


150/87

Bib.



131/87

N V H

ANNELE BOOI EN ANDERE teen DIE STAAT

SMALBERGER, AR:-

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA(APPÈLAFDELING)

In die saak tussen:

ANNELE BOOI

Eerste Appellant

DAVID TSWELE

Tweede Appellant

GOVERNMENT SOGELLA

Derde Appellant

ABEL MOEKETSI

Vierde Appellant

MONDE NOSE

Vyfde Appellant

teen

DIE STAAT

Respondent

CORAM: GROSSKOPF, SMALBERGER, ARR, et STEYN, Wn AR

VERHOORDATUM: 10 NOVEMBER 1987

LEWERINGSDATUM: 30 NOVEMBER 1987

UITSpraak

SMALBERGER, AR:-

Gedurende die nag van 23 November 1985 is

Vuyisile Ntlangano (die oorledene), wat n gevangene was in

sel 5 van die Goedemoed Gevangenis in die distrik Rouxville,

deur van sy medegevangenes wreed aangerand en om die lewe

gebring. Voortspruitend uit hierdie gebeure het die vyf

appellante (as beskuldigdes 1 tot 5 onderskeidelik), tesame

met die voormalige beskuldigde 6, in die Oranje-Vrystaatse

Provinsiale Afdeling voor EDELING, R, en twee assessore,

tereggestaan op 'n aanklag van moord. Na afloop van die

verhoor is die vyf appellante aan moord skuldig bevind,

terwyl beskuldigde 6 onskuldig bevind en ontslaan is. By

ontstentenis van versagtende omstandighede is elk van die

appellante die doodvonnis opgelê. Verlof is deur hierdie

Hof aan die vyf appellante verleen om teen hulle skuldigbe-

vindings en vonnisse te appelleer nadat die hof a quo hulle

sodanige /

sodanige verloff geweier het. . . Gerieflikheidshalwe sal ek . . .

voortaan na die appellante verwys soos hulle by die verhoor

bekend gestaan het.

Dit is gemene saak dat daar, insluitende die oor=

ledene, een en twintig bewoners was van die betrokke sel waarin

die tragiese gebeure hulle afgespeel het. Van hulle was

dertien lede van die 28 bende, en agt lede van die 26 bende.

Hulle was reeds sedert die vorige maand saam in die sel, en

hulle is daar geplaas nadat hulle, op navraag van 'n gevangenis=

ampenaar, voorgegee het aktiewe bendelede te wees. Die 26

en 28 bendes is blykbaar geswore vyande, en die plasing in een

sel van aktiewe lede van beide bendes het 'n gespanne en

potensieel plofbare atmosfeer tot gevolg gehad. Die be=

skuldigdes is almal lede van die 28 bende; die oorledene was

h lid van die 26 bende. Die lede van die 28 bende in die sel was verdeel tussen die sogenaamde "bloedlyn" (bestaande uit "offisiere" met verskillende range, sowel as "soldate") en die sogenaamde "privaatlyn" (bestaande uit "wyfies"). Dit is gemene saak dat beskuldigdes 1, 2 en 4 lede van die bloedlyn is, en onderskeidelik h "Graadloos", h "inspekteur" en h "sekretaris" is, en beskuldigdes 3 en 5 "wyfies" is.

Die skuldigbevinding in die onderhawige saak is gegrond op die aanvaarding deur die verhoorhof van die getuienis van die getuie Samuel Meyers, h lid van die 28 bende wat beweer het dat hy h wyfie, of h voormalige wyfie, is. Sy getuienis kom kortliks op die volgende neer.

Op 25 Julie 1985, terwyl hy h bewoner van sel 4 was, is daar

h lid /

h lid van die 28 bende deur sy medebendeledede vermoor.

Meyers was h ooggetuie tot die pleging van die misdaad.

In blykbare afwyking van die aanvaarde reëls van die bende

het hy h verklaring afgelê ten opsigte van die voorval.

Volgens Meyers het sy medebendeledede hom daarvoor verkwalik,

en is hy met die dood gedreig. Die aand van die oorledene

se dood het beskuldigde 1 Meyers na sy slaapplek ontbied.

Voordat ek verder met Meyers se getuienis handel, sal dit

gerieflik wees om h beknopte beskrywing van die betrokke sel

te gee. Toegang tot die sel word deur h staal traliedeur

verkry. Hierdie deur is na aan die een punt van die sel

geleë. Regs van die deur, soos die sel binnegegaan word,

is daar h wasbak teen die dwarsmuur van die sel. Agter die

wasbak /

wasbak, in die hoek skuins teenoor die deur, is daar 'n afskorting waarin die stort- en toiletgeriewe geleë is.

Links van die deur, oor 'n afstand van omtrent driekwart van die lengte van die sel, tot teenaan die verste hoek, is die slaapplekke van die lede van die 28 bende langs die muur geleë. Langs die muur aan die teenoorgestelde kant van die sel strek die slaapplekke van die lede van die 26 bende oor naasteby dieselfde afstand. Tussen die slaapplekke van die 28 bendelede aan die een kant, en die 26 bendelede aan die ander, is daar 'n oop spasie of gang. Van die 26's se slaapplekke was dié van die oorledene die naaste aan die toiletgedeelte van die sel. Ene Joseph van Wyk se slaapplek was langs dié van die oorledene.

Nadat /

Nadat hy deur hom ontbied is, het Meyers na beskuldigde 1 se slaapplek gegaan. Beskuldigdes 2 en 4 was ook daar. Meyers is deur hulle daarvan beskuldig dat hy 'n verklaring in die vorige moordsaak afgelê het. Ofskoon die beskuldiging waar was, het hy ter wille van sy eie veiligheid dit ontken. Hy is terug na sy eie slaapplek. Dit is nie nodig om die verdere gebeure in die sel wat die aanval op die oorledene voorafgegaan het (soos getuig deur Meyers) in detail te behandel nie. Ek volstaan met te sê dat, ofskoon daar aanduidings was dat die 28 bende voornemens was om die 26 bende aan te val, Meyers beweer dat hy deurentyd gevrees het dat dit net 'n skyn was, en dat hy die skyf sou wees van enige aanval wat in die sel geloods sou word.

Gevolglik /

Gevolglik het hy beskuldigdes 1, 2 en 4 versigtig dopgehou.

Op n stadium het hy opgelet hoedat een van die 28 lede,

Simon Andries, na die toilet-gedeelte van die sel gegaan

het en met n versteekte voorwerp (of voorwerpe) teruggekeer

het wat hy aan beskuldigdes 1, 2 en 4 oorhandig het. Op

n latere tydstip het beskuldigdes 1 tot 5 hulle klere aan-

getrek, n aanduiding dat daar moeilikheid aan die kom was.

Beskuldigde 1 het toe na die toilet-gedeelte van die sel

gegaan, en Meyers geroep om na hom te kom. Meyers het eers

geweier, maar het tog nader gegaan om te hoor wat beskuldigde

1 vir hom wou sê. Beskuldigde 1 bring toe n tuisgemaakte

mes te voorskyn. Meyers het min of meer dieselfde tyd opgelet

dat beskuldigde 2 agter hom is. Bevrees vir sy eie veiligheid

het /

het Meyers skuiling gaan soek agter Joseph van Wyk....Die.....

vyf beskuldigdes het hom genader, en beskuldigde 1 het gesê

dat hulle hom (Meyers) soek. Hy het agter van Wyk bly skuil

totdat laasgenoemde padgegee het. Met dié het Meyers agter

die oorledene inbeweeg - dieselfde tyd toe die oorledene voor

hom inbeweeg het. Hierdie gebeure het op die 26's se kant

van die sel plaasgevind. Die oorledene sê toe vir beskuldigde

1 dat as hulle met Meyers wou baklei hulle dit op die 28's

se kant van die sel moes doen. Beskuldigde 1 het toe "Up"

geskree, en die oorledene gesteek. Die oorledene het teen

Meyers geval, wat op sy beurt weer teen die muur geval het.

Beskuldigde 1 het voortgegaan om die oorledene te steek.

Die oorledene het na die teenoorgestelde hoek van die sel,

nog /

nog aan die 26's se kant, gevlug. Hy is deur die vyf

beskuldigdes agternagesit. Daar het toe 'n algemene

bakleiery in die sel ontstaan. In die hoek is die oorledene

deur beskuldigde 3 geslaan met 'n kous wat 'n beker ingehad

het. Toe die oorledene uit die hoek probeer vlug, het be-

skuldigde 1 hom beetgekry en weer begin steek. Beskuldigde

3 het hom aanhoudend op die kop geslaan met die beker in die

kous. Mettertyd het die oorledene op die vloer inmekaargesak.

Hy het op sy rug gelê. Beskuldigde 2 het toe langs hom kom

kniel en hom verskeie kere gestee. Beskuldigde 2 was ook

in besit van 'n tuisgemaakte mes. Terselfdertyd het beskuldigde

1 die oorledene se keel probeer sny. Intussen het beskuldigde

4, wat ook in besit was van 'n tuisgemaakte mes, 'n aantal 26

lede in die hoek waaruit die oorledene vroeër gevlug het,

vasgekeer, oënskynlik om te verhoed dat hulle hom te hulp

snel. Die oorledene het min of meer in die middel van die

sel gelê. Terwyl hy daar aangerand is, het Meyers opgelet

dat beskuldigde 6 op sy slaapmat gelê het waar hy besig was

om 'n aanval van vallende siekte te kry. Volgens Meyers was

beskuldigde 6 nooit by die aanranding op die oorledene be-

trokke nie. Beskuldigdes 1 en 2 het toe die oorledene aan

sy voete gevat en hom tot voor die toilet se deur gesleep.

Daar het hulle 'n lyfband om die oorledene se nek geplaas,

en aan weerskante van die band getrek terwyl hulle teen sy

kop vasgetrap het. Terwyl hulle dit gedoen het, was beskul-

digde 5 besig om op die oorledene te trap. Beskuldigde 5 was

ook /

ook in besit van 'n kous met 'n voorwerp in waarmee hy voorheen

na die 26's geslaan het. Hy het later by beskuldigde 2 oor=

geneem en beskuldigde 1 gehelp om die lyfband om die oorledene

se nek styf te trek. Daarna het beskuldigdes 1 en 5 die

oorledene aan die traliedeure van die sel gaan vasmaak. 'n

Rukkie later het beskuldigdes 1 en 2 hom losgemaak, en hulle

het hom tot by die wasbak gesleep. Daar het hulle hom laat

lê totdat die gevangenisowerhede opgedaag het. Hy was teen

dié tyd reeds dood.

Benewens Meyers het Joseph van Wyk en ene

Christopher Tsewu, wat ook 'n bewoner van die sel (en lid van

die 26 bende) was, namens die Staat getuig oor die aanval op

die oorledene. Die verhoorhof het egter bevind dat hulle

leuenagtige/

leuenagtige getuies was, en het hulle getuienis by die be=

oordeling van die saak geheel en al buite rekening gelaat.

Gevolgtlik berus die Staat se saak, wat die gebeure in die sel

betref, uitsluitlik op die getuienis van Meyers.

Die nadoodse ondersoek op die liggaam van die

oorledene dui daarop dat hy 'n menigte beserings opgedoen het.

Hy is dood as gevolg van veelvuldige wonde aan die kop en

romp met skedelbreuke, breinbloeding en inwendige bloeding.

Verskeie van sy wonde, onder andere die skedelbreuke, is ver=

oorzaak deur die toepassing van stompgeweld; verskeie ander

wonde was van 'n indringende aard, meesal oppervlakkig, en het

tekens getoon van toediening met 'n tuisgemaakte mes (of messe).

Die nadoodse bevindings strook oor die algemeen met Meyers se

beskrywing /

beskrywing van die aanranding op die oorledene. Die enigste uitsondering is in die geval van die oorledene se nekbесerings.

Dié kom nie volkome ooreen met Meyers se beskrywing van hoe

beskuldigde 1 die oorledene se nek sou gesny het en hoe hy

(die oorledene) later gewurg is nie. In dié opsig is Meyers

se getuienis klaarblyklik oordrewe. Van die nadoodse bevin-

dings kan geredelik afgelei word dat die oorledene se beserings

aansienlik moes gebloei het.

Majoor van Rooyen, die hoof van die betrokke seksie

van die Goedemoed Gevangenis, het getuig dat toe hy na die

voorval op die toneel opgedaag het, beskuldigde 4 verskeie

voorwerpe, insluitende drie tuisgemaakte messe en twee kouse

met staal bekens in, aan hom oorhandig het. Dit is gemene

saak /

saak dat die drie messe van beskuldigdes 1, 2 en 4 afkomstig

was. Hy het geen bloed op enige van die voorwerpe opgemerk

nie. By latere visentering van die sel is daar egter 'n

bebloede lyfband gevind. Van die ander gevangenes in die sel

was beseer, en moes later mediese behandeling ontvang.

Majoor van Rooyen was egter nie daartoe in staat om besonderhede

van hulle beserings te verstrek nie.

Volgens adjutant-offisier Haywood van die Suid-

Afrikaanse polisie, wat na die toneel ontbied is, het ses

van die gevangenes, onder wie beskuldigde 2, van beserings

gekla. Een van hulle het 'n sny op sy kop gehad en sy hemp

was vol bloed; 'n ander het twee steekmerke op sy kop gehad;

nog 'n gevangene het 'n winkelhaakvormige oop besering op sy kop

gehad /

gehad. . n Vierde gevangene het snymerke op sy maag en linker=

arm gehad asook steekmerke op sy nek, regterbors en linkerblad,

terwyl die vyfde een n enkele steekwond op sy kop gehad het.

Ofskoon beskuldigde 2 van n besering aan sy regterwang gekla

het, kon Haywood geen tekens van n besering vind nie. Dit is

gemene saak dat al die gevangenes wat beserings opgedoen het,

lede van die 26 bende is. Haywood het verder getuig dat

"terwyl ek so geskuif het van die een na die ander, het ek

sommer so vlugtig deurgekyk en toe ook aantekeninge gemaak van

die bloedspatsels en die ander merke op die klere wat ek

gemerk het". Hy het op hierdie aantekeninge staatgemaak

toe hy getuig het. Volgens hom het hy opgemerk dat, afgesien

van die gevangene na wie ek reeds verwys het wie se hemp vol

bloed /

bloed was, beskuldigde 1 se "broekspype was vol bloedspatsels en die sitplek was vol eierdoppe", beskuldigde 2 "se broekspype het ook bloedspatsels opgehad", beskuldigde 3 "se linkerskoen aan die linkerkant bo-op, was vol bloed", en beskuldigde 6 "het bloed voor op die broek gehad". Meyers het ook bloedspatsels op sy broek gehad. Haywood het nie bloed op beskuldigdes 4 of 5, of enige van die ander gevangenes, opgelet nie. Hy het egter toegegee dat hy nie noukeurig hulle klere nagegaan het nie, en dat daar op sommige van die gevangenes bloedspatsels kon gewees het wat hy nie raakgesien het nie. Haywood het ook verder getuig oor die aanwesigheid van wydverspreide bloedkolle en bloedsmere op die vloer en teen van die mure van die sel. Die fotos wat van die sel

geneem /

geneem is, bevestig sy getuienis in dié verband. Majoor

van Rooyen het die voorwerpe wat hy vroeër ontvang het, aan

Haywood oorhandig. Aanvanklik het Haywood getuig dat hy nie

bloed op enige van die voorwerpe gesien het nie; toe sy

aandag egter later daarop gevestig is, het hy toegegee dat

daar droë bloed voorkom op een van die bekere wat in h

kous was. Onder kruisverhoor het hy bevestig dat daar geen

tekens van bloed op enige van die drie messe was nie. Op

die lyfband wat later gevind is, het hy wel bloed opgemerk.

By die getuienis van die vyf beskuldigdes hoef

daar nie lank stilgestaan te word nie. Hulle het almal

deelname aan die aanranding op die oorledene ontken. Volgens

hulle het die lede van die 26's die moeilikheid in die sel

begin /

begin deur die lede van die 28's aan te val. Die oorsaak

daarvan was onmin oor h wyfie, ene Bosman. In soverre

hulle oor die aanranding op die oorledene getuig, verbind

hulle Meyers, Simon Andries en ene Louis Johnson daarmee.

Beskuldigde 1 het erken dat toe die moeilikheid in die sel

ten einde geloop het, hy in besit van een van die tuisgemaakte

messe was, maar het verduidelik dat hy dit opgetel het nadat

een van die 26's dit laat val het toe hy deur Simon Andries

geslaan is. Hy ontken egter dat hy ooit iemand daarmee gestee

het. Beide beskuldigdes 2 en 4 erken dat hulle messe gehad

het. Hulle beweer dat hulle die messe van Simon Andries

ontvang het. Die messe is gebruik om hulle mee te verdedig,

maar niemand is deur hulle gestee nie. Beskuldigde 3 het

getuig /

getuig dat toe die moeilikheid in die sel begin, beskuldigde

6 'n aanval van vallende siekte gekry het, en hy hom toe be-

hulpsaam was. Beskuldigde 5 het hom later by hulle aangesluit,

en hulle het beskuldigde 6 opgepas totdat die gebeure ten einde

geloop het. Tydens die bakleiery in die sel was sy aandag

hoofsaaklik op beskuldigde 6 toegespits. Beskuldigde 5 se

getuienis kom ooreen met dié van beskuldigde 3. Albei van

hulle ontken dat hulle in besit was van kouse met bekers in,

of enige ander wapens.

Na 'n volledige uiteensetting en ontleding van die

getuienis wat deur die Staat aangebied is, opper die verhoor=

hof in sy uitspraak die vraag "of die Hof, aangesien die Hof

die getuienis van Joseph van Wyk en Christopher Tsewu as on=

betroubaar /

betroubaar verwerp het, tot enige bevinding kon kom met

betrekking tot die skuld van die beskuldigdes uit hoofde

van die getuienis van getuie 4 (Meyers)". Daarna word oor=

weging aan die getuienis van die beskuldigdes verleen, en om

goeie en aanvaarbare redes, gegrond op die swak indruk wat

hulle as getuies gemaak het en die onwaarskynlikhede in

hulle weergawes, gemeet teen veral die reële getuienis, kom

die verhoorhof tot die slotsom "(h)ul getuienis word verwerp

in alle opsigte waarin dit met die getuienis van Samuel

(Meyers) bots, en die Hof aanvaar die getuienis van Samuel".

Dit is nie vir die doeleindes van hierdie uitspraak

nodig om enige kommentaar oor die verhoorhof se redes vir die

verwerping van die beskuldigdes se getuienis te lewer nie.

Dit /

Dit is voldoende om te sê dat die beskuldigdes klaarblyklik
in baie opsigte ongeloofwaardige en leuenagtige getuies was.
Waaroor dit egter in hierdie appèl gaan is die verhoorhof se
benadering tot die getuienis van Meyers, en die korrektheid
van sy aanvaarding daarvan.

Dit is opvallend dat die verhoorhof nêrens in sy
uitspraak sê wat sy benadering tot Meyers se getuienis is nie.
Ofskoon daar in die ontleding van Meyers se getuienis na
aspekte daarvan verwys word as synde aanduidend van sy betrou=
baarheid, lewer die verhoorhof geen kommentaar oor sy houding
in die getuiebank nie. Daar word ook geen, of geen oortuig=
ende, redes verstrekk vir die bevinding (wat alhoewel nie uit=
druklik gemaak is nie nogtans implisiet is in die uitspraak)

dat /

dat Meyers 'n geloofwaardige getuie was, of waarom sy

getuienis aanvaar is nie. Die verhoorhof se benadering

tot Meyers se getuienis word vir die eerste keer onthul in

die verhoorregter se uitspraak op die aansoek om verlof om

appèl aan te teken waar hy homself as volg uitlaat:

"Die Hof het hom egter voor sy uitspraak daarvan gewaarsku en dit in ag geneem, dat Samuel Meyers in daardie opsig 'n enkelgetuie is, en ook dat hy 'n gevangene is en derhalwe 'n persoon prima facie van swak karakter is, en dat daar 'n baie wesenlike gevaar bestaan dat hy, synde iemand is wat teenwoordig in daardie sel was, maklik getuienis kan fabriseer en dit geloofwaardig kan laat klink, omdat hy wel aspekte moes waargeneem het en dit baie maklik aanpasbaar is om die beskuldigdes nou te impliseer. En daarom dat aldie die lede van die Hof, gesoek het na inherente swakhede in sy getuienis en ook aan die anderkant, of daar nie in die ander getuienis betroubare wesenlike feite is wat vir Samuel staaf nie".

Dit /

Dit blyk duidelik uit hierdie benadering tot Meyers se getuienis, sowel as die verhoorhof se uitspraak, dat die verhoorhof aanvaar het dat Meyers geen deel gehad het aan die beplanning of uitvoering van die aanranding op die oorledene nie - en dat hy dermate 'n onskuldige waarnemer was. Dit is sterk te betwyfel of Meyers so onskuldig is soos hy voorgegee het. Sy bewering dat hy nie meer ten tyde van die voorval 'n aktiewe bendelid was nie, strook geheel en al nie met sy optrede 'n maand vantevore toe hy hom uitdruklik as sodanig geïdentifiseer het nie. Sy pogings om hierdie optrede te verskoon en te verduidelik is onoortuigend. Die 28's het klaarblyklik beplan om die oorledene dood te maak - die aard en omvang van die aanranding op hom spreek duidelik hiervan.

Dit /

Dit is onwaarskynlik dat daar ooit beoog was om Meyers aan

te val - as die 28's met hom wou afgereken het, was daar

ruim geleentheid daarvoor, en dit is insiggewend dat Meyers

hoegenaamd nie aangerand of beseer is nie. Dit is waar=

skynlik dat die voorspel van die aanranding op die oorledene

vooraf beplan was, en dat Meyers deel gehad het daaraan.

Dit is eenvoudig te toevallig dat hy op die kritieke tydstip

in die oorledene se omgewing was en agter hom beland het.

Die omstandighede wek minstens 'n sterk suspisie van deelname

deur Meyers. Hy is duidelik nie bo verdenking nie.

Gevolglik behoort hy nie net as 'n enkelgetuie beskou te

gewees het nie, maar as 'n medepligtige. As bykomende oorwe=

ging moes die verhoorhof dus in gedagte gehou het dat Meyers

moontlik /

moontlik homself probeer beskerm ten koste van een of meer

van die beskuldigdes, of die werklike daders, of van hulle,

beskerm deur hulle rolle aan die beskuldigdes, of van hulle,

toe te dig. Na aanleiding hiervan behoort die verhoorhof

die getuienis van Meyers met groter versigtigheid te benader

het as wat nodig sou gewees het as hy bloot net 'n enkelgetuie

was. Dit het die verhoorhof blykbaar nie gedoen nie. Sy

versuim in dié opsig kom op 'n mistasting neer. Gevolglik

moet ons die getuienis opnuut in oënskou neem om vas te stel

of die beskuldigdes se skuld bo alle redelike twyfel bewys is.

Soos reeds gemeld, staan Meyers se getuienis nie bo verdenking nie. Dit is waarskynlik dat hy sy eie betrokkenheid by die aktiwiteite van die 28 bende, en die beplanning van die

aanval /

... aanval op die oorledene, probeer verbloem het.. Hy kan dus nie

as 'n volkome openhartige en betroubare getuie bestempel word

nie. Ek het ook alreeds daarop gewys, met betrekking tot die

nadoodse bevindings, dat sy getuienis in sekere opsigte oor=)

drewe was. Na aanleiding hiervan, die feit dat hy waarskynlik

'n persoon van swak inbors is, en dat hy vanweë sy besondere

kennis van die gebeure maklik enige leuens sal kan inkleef sodat

hulle die skyn van waarheid kan verkry, moet sy getuienis

noodwendig met wantroue bejeën word. Dit is onteenseglik so

dat Meyers 'n samehangende relaas gee van die gebeure wat in

die sel plaasgevind het, en dat die nadoodse bevindings en

die toestand van die sel na die voorval sy waarnemings staaf.

Alles dui dus daarop dat hy 'n goeie waarnemer is. Die vraag

is egter /

is egter nie hoe die gebeure in die sel verloop het nie en hoe die oorledene omgekom het nie, maar wie vir sy dood verantwoordelik is.

In die besondere omstandighede van die onderhawige saak verg die behoorlike toepassing van die versigtigheidsreël met betrekking tot die getuienis van medepligtiges dat daar stawing van Meyers se getuienis moet wees wat die vyf beskuldigdes met die pleging van die misdaad verbind alvorens sy uitwysing van hulle as die skuldiges bo alle redelike twyfel aanvaar kan word. (Vgl S v Mhlabathi 1968(2) SA 48 (A) op 51 A). Sodanige stawing is nie te vinde in die getuienis van enige ander ooggetuie nie, want die getuienis van die enigste ander ooggetuies, van Wyk en Tsewu, is tereg deur die verhoor-

hof /

hof verwerp. Daar is betoog dat die aanwesigheid van

bloed op beskuldigdes 1, 2 en 3 sodanige staving bied.

In 'n gepaste geval kan die aanwesigheid van bloed op 'n

persoon sy betrokkenheid by 'n aanranding bevestig. Hierdie

is egter myns insiens nie so 'n geval nie - ten minste skeep

dit nie noodwendig in die geval van beskuldigdes 1, 2 en 3 'n

verbintenis met die aanval op die oorledene nie. Daar is

geen getuienis oor die mate waartoe die aanranders van die

oorledene en die ander beseerdes bloed aan hulle sou gekry het

nie. Die oorledene het duidelik erg gebloei, maar dit is on-

seker tot welke mate die ander beseerdes sou gebloei het

(behalwe dat een van hulle se hemp vol bloed was). Haywood

het vinnig gekyk wie bloed aan hulle het. Hy het geen onaf-

hanklike /

hanklike herinnering van sy waarnemings nie maar maak alleen op sy aantekeninge staat. Hy gee geredelik toe dat afgesien van die persone in sy getuienis genoem daar bloedspatsels aan ander gevangenes ook kon gewees het. Sy aantekeninge is (heel verstaanbaar) nie baie duidelik presies oor waar bloed gevind is, en in watter hoeveelheid nie. Dit staan egter vas dat daar wydverspreide bloedkolle en bloedsmere in die sel was. Daar moes heelwat beweging, onder andere van die beseerdes, in die sel gewees het. Na hy die eerste keer gestee is, het die oorledene tot die uiterste hoek van die sel beweeg, en later weer terugbeweeg na die middel van die sel. Tydens die woeling in die sel kon persone wat nie by die aanranding op die oorledene betrokke was nie, bloed=

spatsels /

spatsels (of selfs meer bloed) op hulle gekry het. In=
siggewend is die feit dat van die persone wat Meyers by
die misdaad betrek, beskuldigdes 4 en 5 nie bloed op hulle
gehad het nie, terwyl hyself en beskuldigde 6, wat hy vry=
spreek van aandadigheid, wel bloed aan hulle klere gehad
het. Afgesien hiervan is daar geen getuienis dat die bloed
op beskuldigdes 1, 2 en 3 die oorledene se bloed, of bloed
soortgelyk aan dié van die oorledene, was nie. In die lig
van hierdie oorwegings kan daar na my mening nie gesê word
dat die bloed aan die klere van beskuldigdes 1 en 2, en op
die skoene van beskuldigde 3, hulle noodwendig met die aanval
op die oorledene verbind nie, en dus wesenlike staving vir
Meyers bied nie. In die geval van beskuldigde 1 was daar

ook /9...

ook eierdoppe aan sy klere gevind. Dit blyk uit die getuienis dat daar in die hoek van die sel naaste aan die deur eierdoppe in 'n hoop was - die gevangenes het blykbaar eiers vir aandete genuttig. Selfs Meyers se getuienis bied geen verduideliking van presies hoe die eierdoppe aan beskuldigde 1 se klere gekom het nie. Al sou die aanwesigheid van eierdoppe aan beskuldigde 1 se klere beteken dat hy op 'n stadium op die vloer naby die deur moes gewees het, dui dit nie noodwendig op sy betrokkenheid by die aanval op die oorledene nie.

Stawing is ook nie geleë in die blote feit dat daar messe in die besit van beskuldigdes 1, 2 en 4 was nie. Sodanige besit word deur hulle erken, en gevolglik is dit op

sigself /

sigself nie 'n faktor wat Meyers se getuïenis versterk of onderskraag nie. Dit sou stawend van Meyers se getuïenis wees as daar, in weerwil van die betrokke beskuldigdes se ontkenninge in dié verband, aanduidings was dat die messe deur hulle gebruik is om die oorledene mee te steek.

In die loop van sy getuïenis is professor Olivier, wat die nadoodse ondersoek op die oorledene se liggaam uitgevoer het, gevra of hy enige bloed kon waarneem op enige van die drie messe wat as bewysstukke ingehandig is. Met betrekking tot een mes het hy geantwoord "met die blote oog sou ek sê daar tog vlekke is wat daarby inpas". Hy het geen sulke tekens op die ander twee messe bespeur nie. Na aanleiding hiervan het die verhoorhof tot die gevolgtrekking

gekom /

gekom dat daar waarskynlik bloed op die een mes was.

Professor Olivier se waarnemings is gemaak meer as tien

maande na die voorval en is nie gegrond op enige weten=

skaplike ondersoek nie. Dit bots met die getuienis van

die getuies van Rooyen en Haywood, wat daarop neerkom dat

hulle onmiddellik na die voorval geen tekens van bloed aan

die messe bespeur het nie - welke getuienis die verhoorhof

blykbaar oor die hoof gesien het. In die afwesigheid van

forensiese getuienis tot dien effek ontbreek daar afdoende

bewys dat daar wel bloed op enige van die messe was. Dit

staan vas dat daar meswonde aan die oorledene en van die

ander beseerdes toegedien is. Dit volg egter nie nood=

wendig dat die messe wat gebruik is, dié in die beskuldigdes

se /

se besit was nie. Ofskoon dit die enigste messe is wat aan die owerhede oorhandig is, bestaan die redelike moontlikheid dat, ondanks visentering van die sel, daar ander messe was wat versteek is. Alhoewel Haywood aanwesig was, het hy nie self die sel deursoek nie, en die persoon of persone wat dit gedoen het, het nie getuig nie.

By ontstentenis van stawing van Meyers se getuienis wat die beskuldigdes impliseer, ontbreek die nodige waarborg van sy betroubaarheid, en kan sy getuienis nie bo alle redelike twyfel aanvaar word nie. Gesien die gevare inherent in 'n aanvaarding van Meyers se getuienis bestaan daar twyfel of al vyf die beskuldigdes, of indien nie al vyf nie, welke van hulle, deel gehad het aan die aanranding op die oorledene.


Daar /

Daar bestaan wel sterk suspisie, selfs 'n waarskynlikheid,
dat minstens sommige van die vyf beskuldigdes vir die dood
van die oorledene aanspreeklik is, maar hulle aandadigheid
is nie bo alle redelike twyfel bewys nie.

Die appèlle slaag, en die appellante se skuldig=
bevindings en vonnisse word tersyde gestel.

J W SMALBERGER
APPÈLREGTER.

GROSSKOPF, AR - Stem saam



Saak No. 131/87

mp

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPELAFDELING)

In die saak tussen:

ANNELE BOOI

Eerste Appellant

DAVID TSWELE

Tweede Appellant

GOVERNMENT SOGELLA

Derde Appellant

ABEL MOEKETSI

Vierde Appellant

MONDE NOSE

Vyfde Appellant

en

DIE STAAT

Respondent

CORAM: GROSSKOPF, SMALBERGER, ARR et
STEYN, Wn AR

VERHOOR: 10 November 1987

GELEWER: 30 November 1987

UITSpraak

STEYN, Wn AR

STEYN, Wn AR,

Ek het die voordeel gehad om die uitspraak van my broeder SMALBERGER te lees. Ek stem in hoofsaak saam met sy uiteensetting van die feite en ook met sy benadering tot Samuel Meyers se getuienis. Ek is dit ook met hom eens dat die getuienis opnuut in oënskou geneem moet word en dat, vir die redes deur hom t a v hulle uiteengesit, die appèl van appellante 4 en 5 moet slaag. Ek verskil egter eerbiediglik van hom wat appellante 1, 2 en 3 betref. In hulle gevalle behoort die appèl na my mening afgewys te word. Die rede daarvoor is dat daar nie alleen genoegsame staving van Meyers se getuienis is dat die moord op oorledene gepleeg is asook vir die wyse waarop dit gepleeg is nie, soos wel deur my kollega gevind, maar ook dat daar ook genoegsame staving vir sy getuienis is wat daardie drie appellante met die pleging van die moord verbind. Die gronde vir my siening is kortliks die volgende:-

Ek

Ek gaan die "veiligheidsreël" nie weer uiteensit nie. Dit is reeds genoegsaam deur my broeder SMALBERGER gedoen met verwysing na S v Mhlabathi 1968(2) SA 48(A). Ek is ook aandagtig aan die smeekskrif in 'n voetnota op 452 van Hoffmann and Zeffertse South African Law of Evidence 3de uitgawe:

"The Law Reports should declare a moratorium upon statements of the cautionary rule. There can hardly be a judge in the country who has not had his version in print."

In die aanhalings wat hierna volg is daar weliswaar o m na die inhoud en strekking verwys van die benadering wat in die reël beliggaam is, maar daardie aanhalings word deur my vir 'n ander doel aangewend, te wete, 'n oorweging van "staving" as regsbegrip, waarby ek vir 'n wyle sal moet stilstaan. Ek sal ook noodgedwonge moet handel met die wyse waarop, na my mening, die reël in die praktyk toegepas behoort te word.

By die beantwoording van die vraag, in 'n

geval

geval soos die onderhawige, of daar staving is wat 'n beskuldigde by die pleging van 'n misdaad verbind, vel die beoordelaar van die feite in wese 'n waarde-oordeel. Nadat hy bevind het dat die betrokke getuienis geloofwaardig en toelaatbaar is, moet hy dit evalueer om te bepaal, eerstens, of die bewese feite wat as staving van die verdagte weergawe voorgehou word werklik daardie weergawe in wesenlike opsigte onderskraag en derhalwe aantoon dat dit betroubaar is, en, tweedens, of daardie feite, of sekere van hulle, daarbenewens die beskuldigde wesenlik met die pleging van die misdaad verbind en derhalwe 'n verdere versekering verskaf dat die regte persoon aangekla is (of, soos SCHREINER, AR dit stel in R v Mpompotshe and Another 1958(4) SA 471 (A) op 476 E, dat "there is some further guarantee that the right man has been brought to trial".)

Die juiste aard en omvang van die regsbegrip "staving" is moeilik omskryfbaar en ek gaan my nie waag op die dryfsande van 'n poging om dit te doen nie. Ek sal

volstaan

volstaan by 'n paar aanhalings daaroor. In Schmidt,

Bewysreg, tweede uitgawe (1982), word die volgende gesê

op 120 - 121:

"Stawing is bevestigende bewysmateriaal buite die getuienis wat gestaaf word. Waar dit vereis word, word die betrokke bewysmaatstaf nie verander nie, maar word 'n bykomstige versperring in die pad van die bewysvoerende party geplaas.....

Dit sou egter 'n onbegonne taak wees om algemene reëls vir die geaardheid van stawing te probeer formuleer

Daar word dus hier geen poging aangewend om die juiste geaardheid van die bevestigende getuienis in algemene terme uiteen te sit nie. Die riglyne sal gevind word in die bespreking van besondere gevalle hieronder.

(ii) Bewysmateriaal . Stawing word nie slegs deur mondelinge getuienis voorsien nie. Dit kan ook voorsien word deur dokumentêre getuienis of deur reële getuienis, soos 'n vingerafdruk of selfs die voorkoms van 'n persoon."

In The King v Baskerville 1916(2) KBD 658 (Court of Criminal

Appeal) het LORD READING, CJ op 667 die volgende gesê:

"We

"We hold that evidence in corroboration must be independent testimony which affects the accused by connecting or tending to connect him with the crime. In other words, it must be evidence which implicates him, that is, which confirms in some material particular not only the evidence that the crime has been committed, but also that the prisoner committed it. The test applicable to determine the nature and extent of the corroboration is thus the same whether the case falls within the rule of practice at common law or within that class of offences for which corroboration is required by statute. The language of the statute, "implicates the accused," compendiously incorporates the test applicable at common law in the rule of practice. The nature of the corroboration will necessarily vary according to the particular circumstances of the offence charged. It would be in high degree dangerous to attempt to formulate the kind of evidence which would be regarded as corroboration, except to say that corroborative evidence is evidence which shows or tends to show that the story of the accomplice that the accused committed the crime is true, not merely that the crime has been committed, but that it was committed by the accused.

The corroboration need not be direct evidence that the accused committed the crime; it is sufficient if it is merely circumstantial evidence of his connection with the crime."

LORD

LORD READING se opmerkings is met goedkeuring
 deur hierdie Hof aangehaal. Sien by R v Galperowitz
 1941 AD 485 op 492 en R v Owen 1942 AD 389. In laasgenoemde
 saak het DE WET, HR op 394 die volgende bygevoeg:-

"But as regards the weight of the
 corroborative evidence required, no
 standard can be laid down. As in other
 criminal cases the evidence taken as a
 whole, not the corroborative evidence only,
 must be such as to leave no reasonable
 doubt in the mind as to the guilt of the
 accused "

Wigmore Vol VII (Chadbourn Revision) 2062 het dieselfde
 strekking:

"....Nature of Corroborative Evidence.
 The further definition of the term
 'corroboration', by detailed rule of law,
 is unwise and impractical. Whether
 there exists such corroborative evidence
 ought to be a question for the determination
 of the trial Judge upon the circumstances
 of each case,"

Dit is weliswaar gesê met betrekking tot die

onderwerp

onderwerp "uncorroborated complainant (continued)" maar is nietemin na my mening ook algemeen geldend.

Wanneer oorweeg word of daar staving van die verdagte getuienis is wat 'n beskuldigde by die pleging van 'n misdaad betrek, moet die feite van die betrokke saak ewewigtig en met realisme bekyk en ontleed word. En aan die waarskynlikhede wat dan vasgestel is moet behoorlik gevolg gegee word sonder ongeregverdigde toeskietlikheid na die een of die ander kant.

Wat toon die bewese feite in die onderhawige geval? Die oorledene was die teiken en slagoffer van 'n brutale aanranding waartydens 40 - 50 waarneembare uitwendige verwondings aan hom toegedien is benewens verskeie ernstige inwendige beserings. Baie van die uitwendige wonde het vryelik gebloei. Die oorledene was met bloed besmeer en op verskeie plekke in die sel was bloedvlekke en bloed=sleepsels wat van hom afkomstig was. Terwyl hy nog só

aan

aan die bloei was, is hy met sy lyfband in 'n klaarblyklik sittende posisie aan die binnekant van die traliede deur vasgemaak soos deur Meyers beskryf. Daarvan getuig die bloeddeurweekte lyfband, bew 7, en die bloedsmeersels aan die tralies van die deur al te duidelik. Die aanvaarde mediese getuigenis toon ewe duidelik aan, soos Meyers ook getuig het, dat die oorledene met verskillende steek- en slaaninstrumente soos bekere in kouse en messe, toegetakel was. Slegs op grond van die aard en getal van sy verwondings is dit duidelik dat hy deur meer as een persoon aangerand moes gewees het. Soos die fotos nos 8, 9 en 10 (deel van bew G 1) duidelik aantoon, is die traliede deur waaraan die oorledene vasgemaak was soos ek so pas beskryf het, baie naby aan die hoek van die selmuur geleë. In daardie hoek, vlak by die traliede deur, het daar ten tyde van die voorval 'n groot hoeveelheid eierdoppe gelê soos ook baie duidelik deur gemelde fotos aangetoon is en deur A/O Haywood beskryf was. Daar was toe nêrens elders in die

die sel enige eierdoppe nie; daarvan het Haywood getuig,
en sy getuienis is aanvaar.

Wat is die waarskynlikhede wat voortvloei
uit hierdie feite wat bewys is d m v ander getuienis as dié
van Meyers? Dit is na my mening hoogs waarskynlik, indien
nie onvermydelik nie, dat oorledene se aanranders duidelik
waarneembare bloedspatsels of -merke op hulle klerasie en
skoeisel, indien enige, sou hê, en dat een of meer van
diegene wat hom aan die traliede deur vasgemaak het ook eier=
doppe êrens aan sy klerasie sou hê, want hulle het gelê
in die onmiddellike nabyheid van die deur. En wat toon
die ander aanvaarde getuienis daaromtrent aan? Dit
is d m v A/O Haywood se tereg aanvaarde getuienis bewys
dat al die betrokke appellante duidelik waarneembare bloedmerke
aan hul klere had. Sy beskrywing daarvan was soos volg:
appellant no 1 se broekspye was reg rondom vol bloedspatsels;
appellant no 2 se broekspye het ook bloedspatsels op gehad, en
appellant no 3 se linkerskoen was aan die linkerkant bo-op

vol

vol bloed.. Haywood het daardie merke gewaar tydens 'n vlugtige deurkyk van die prisoniere in die sel. Hulle was almal teenwoordig tydens die aanranding want met Haywood se inspeksie was niemand nog uit die sel geneem nie.

Behalwe op Meyers en op Richard Witmark, die gewese beskuldigde no 6, het Haywood geen bloed aan enige van die ander lede van die 28-bende opgemerk nie. Dat hy darem sy deurkyk van die prisoniere nie as onbelangrik beskou het nie blyk uit die feit dat hy aantekeninge gemaak het van die bloedmerke aan elk van hulle, insluitende dié op die lewende beseerdes, wat almal lede van die 26-bende was. Die enigste redelike afleidings wat na my mening hiervan gemaak kan word is dat die bloedmerke aan appellante 1, 2 en 3 duidelik waarneembaar was en dat indien daar enige bloed aan enige van die ander "inwoners" van die betrokke sel was wat Haywood nie opgemerk het nie, dit baie minder moes gewees het as dié op die betrokke appellante, en op Meyers, Witmark en die beseerde lede van die 26-bende, want

dit

dit is uikers onwaarskynlik dat Haywood selfs met 'n vlugtige deurkyk ander duidelik waarneembare bloedspatsels of -merke op die ander prisoniers sou misgekyk het. En op die tereg aanvaarde getuienis was dit net lede van die 28-bende wat die oorledene aangerand het.

Om nou te meen dat die drie appellante hier ter sprake, of enige van hulle, aan die duidelik waarneembare bloed aan hul klerasie en skoeisel kon gekom het sonder om die oorledene aan te gerand het terwyl die werklike aanranders veel minder of geen bloed aan hulle gekry het in die loop van daardie aanranding nie is, na my beskeie mening, om bogemelde sterk waarskynlikhede óf mis te kyk óf verkeerd te evalueer. Vir doeleindes van hierdie redenasie is dit nie nodig om Meyers van die aanranding uit te sluit nie, Want al word aanvaar dat hy ook daaraan deelgeneem het is die betrokke appellante nietemin deur die hoeveelheid bloed aan hulle gevind genoegsaam by die aanranding op oorledene

betrek

betrek. (Meyers kon egter ook die bloed aan hom gekry het terwyl die oorledene aanvanklik in sy onmiddellike nabyheid aangerand is). Vir doeleindes hiervan is dit ook nie nodig om te spekuleer hoe die enkele bloedkol aan Witmark se broekspyp gekom het nie; maar dit moet nie uit die oog verloor word nie dat die bewerings dat hy ook aan die geweldpleging op oorledene deelgeneem het deur die mediese getuienis weerspreek is en tereg deur die verhoorhof verwerp is. Benewens die bloedspatsels aan sy broekspype was appellant no 1 se sitvlak ook nog vol eierdoppe. Hy het erken dat die eierdoppe aan sy sitvlak gekom het toe hy gedurende die geweldpleging in die middel van die sel geval het nadat hy deur Mighty Galawe gepootjie is. Sy antwoord op die vraag "En toe, waar val u?" was "Daar in die middel waar ons die vullis, vuilgoed, weggooi." Hy het ook op die plan, bew C, gewys dat hy geval het omtrent in die middel van die sel, regoor die

voetenent

voetenent van appellant no 5 se lêplek. Maar hy is in hierdie opsig deur A/O Haywood weerspreek. Daar was geen eierdoppe in daardie deel van die sel nie. Appellant no 1 se verduideliking van waar die eierdoppe aan die sitvlak van sy broek gekom het is gevolglik die onwaarheid. Soos die eierdoppe in die hoek gelê het kon hulle op die sitvlak van sy broek gekom het alleenlik as hy daar in die hoek gesit het met sy rug na die hoek of na die een of ander van die twee mure waar hulle in die hoek bymekaar kom. Hy was derhalwe in die onmiddellike omgewing waar die oorledene aan die traliede deur vasgemaak was, en dit is waar Meyers hom op daardie tydstip geplaas het. Dit maak na my oordeel geen saak dat Meyers nie getuig het dat appellant no 1 daar gesit het nie. Dit is iets wat in die gewoel maklik deur hom misgekyk kon gewees het. Wat egter na my mening van belang is, is dat die eierdoppe op sy sitvlak onteenseglik bewys dat appellant no 1 op die plek was waar die

die oorledene teen die traliede deur vasgemaak was. Hy het ontken dat hy daar was en het beweer dat hy nie eers daarvan bewus was dat die oorledene ooit so vasgemaak was nie. Maar die eierdroppe op sy sitvlak plaas appellant no 1 onteensleglik by die traliede deur want daar is geen redelike moontlikheid dat hulle op 'n ander plek aan hom kon gekom het nie. Om nietemin te meen dat hulle elders of op 'n ander geleentheid as tydens die verloop van die geveg in die sel aan hom kon gekom het, is ingelyks na my eerbiedige mening óf 'n miskyk óf 'n te geringskatting van die sterk waarskynlikhede voortvloeiend uit voormelde feite.

Die oorweging dat geen bloed aan enige van die messe gevind is deur A/O Haywood nie moet beoordeel word teen die agtergrond dat die gevangenisowerhede by die sel opgedaag het eers ongeveer 'n kwartier nadat die geweldpleging tot 'n einde gekom het. Daar was gevolglik genoegsame tyd om die wapens skoon te maak. Maar Haywood het nietemin

bloed

bloed gevind aan die beker, bew 5, en die verhoorhof het
 bruin merke wat bloed kan wees, raakgesien aan die mes,
 bew 3. Dit egter net terloops.

Om nou op te som: daar is na my mening geen
 redelike moontlikheid dat die bloed aan die betrokke appellante
 se tronkgewaad en die eierdoppe aan appellant no 1 se sitvlak
 kon gekom het anders as gedurende die loop van 'n aanranding
 deur hulle op die oorledene nie. Vgl LORD DENNING se
 woorde in Miller v Minister of Pensions (1947) 2 All E R 372
 (K B D) op 373 H:

"If the evidence is so strong against
 a man as to leave only a remote possibility
 in his favour which can be dismissed with
 the sentence 'of course it is possible, but
 not in the least probable', the case is
 proved beyond reasonable doubt"

et vide: Hoffmann and Zeffertt, op cit, 409 - 410.

Meyers is derhalwe gestaaf nie alleen wat
 die pleging van die misdaad betref nie, maar ook in wesenlike
 opsigte

opsigte wat appellante 1, 2 en 3 onteenseglik met die
pleging van die moord verbind. Hulle skuld aan die misdaad
is na my mening derhalwe bo redelike twyfel bewys, en in
hulle gevalle behoort die appèl gevolglik afgewys te word.

M T STEYN Wn AR